Rapporteerbaar:
Ja / Nee
Sirkuleer onder Regters:
Ja / Nee
Sirkuleer onder Landdroste:
Ja / Nee
Sirkuleer onder Streeklanddroste:
Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
## (Noord-Kaapse Afdeling)

**Saak No: CA&R 74/2007**

**Datum gelewer: 16/11/2007**

**In die saak tussen:**

**SectionI.1K. BATWALI APPELLANT**

en

**SectionI.2**

**SectionI.3DIE STAAT RESPONDENT**

**SectionI.4**

**SectionI.5**

**SectionI.6Coram: Olivier R et Mokgohloa WnR**

# UITSPRAAK OP APPèl

**Olivier R:**

1. Die appellant is in die Streekhof skuldig bevind op 'n aanklag van moord (aanklag 1) en op twee aanklagte van aanranding met die opset om ernstig te beseer (aanklagte 2 en 3). Sy is op aanklag 1 gevonnis tot 12 jaar gevangenisstraf en op aanklagte 2 en 3 tot onderskeidelik 2 jaar en 3 jaar gevangenisstraf, wat gelas is om gelyktydig uitgedien te word. Die appellant kom nou met verlof van die verhoorhof in hoër beroep teen haar vonnisse.

2. Dit is geykte reg dat 'n Hof van appËl slegs met 'n verhoorhof se vonnis sal inmeng as daar 'n wesenlike mistasting begaan is of die vonnis skokkend onvanpas is.

3. Namens die appellant is betoog dat die streeklanddros die erns van die misdade oorbeklemtoon het. Ek stem nie saam nie.

4. Die appellant het die Vrydagaand van 10 Oktober 2003 (aanklag 2) haar man ("*die klaer*") met 'n mes gesteek in 'n totaal ongeprovokeerde aanval en terwyl die klaer probeer het om weg te kom van haar. Die klaer moes die betrokke aand hegsteke ontvang vir die besering wat hy in die proses opgedoen het.

5. Letterlik die volgende dag, Saterdag 11 Oktober 2003 (aanklag 3), het die appellant, toe die klaer by haar wou weet waar sy kos was, nie geaarsel om dieselfde mes weer tevoorskyn te bring en hom etlike steekwonde daarmee toe te dien nie.

6. Mense het die appellant probeer keer, maar sy wou nie luister nie. Sy het ook op daardie toneel ander persone met die mes rondgejaag.

7. Die appellant het op 'n stadium oor die klaer gestaan waar hy gaan lÍ het toe hy weens bloedverlies te swak geword het om te staan, en vir hom gesÍ: "*Haal jy nog asem, want ek wil jou klaarmaak*". Ek meen dat die appellant gelukkig was dat sy nie ten aansien van dié aanval van poging tot moord aangekla is nie.

8. Dit is toe wat die oorledene (die broer van die klaer), klaarblyklik omdat hy besorgd was oor sy broer wat op die grond gelÍ en bloei het, nadergekom het en gevra het: "*Broer, sy steek vir jou gisteraand, nou steek sy vir jou weer vandag. Wat is dit eintlik?"*

9. Die appellant, wat op daardie stadium in die nabyheid was, se reaksie was om weer die mes uit te haal en vir die oorledene te sÍ: "*Ek soek vir jou*". Dit het geblyk dat daar ongeveer 'n maand tevore 'n uitval was tussen die appellant en die oorledene en dat dit was waarom sy gesÍ het: *"Ek soek vir jou"*.

10. Die appellant het toe die oorledene twee keer geklap, waarop die oorledene vir haar gesÍ het: "*Ek baklei nie, dat ek kom kyk maar net waarmee is julle twee besig*". Dit was egter nie vir die appellant goedgenoeg nie. Sy het die oorledene toe die fatale steekwond op sy bors toegedien (aanklag 1).

11. Na my oordeel het die streeklanddros hoegenaamd nie die erns van die drie aanvalle oorbeklemtoon nie. Ek meen dat die appellant gelukkig was dat daar, ten aansien van die moordklag, wesenlike en dwingende omstandighede bevind is en afgewyk is van die voorgeskrewe vonnis van 15 jaar gevangenisstraf. Die aanval op die oorledene was totaal ongeprovokeerd en duidelik gemotiveer deur wraaksug.

12. Daar is bitter weinig wat versagtend in aanmerking geneem kon word. Volgens die klaer het die appellant wel gedrink, maar was sy nie juis onder die invloed van drank nie. Dit is egter so dat, alhoewel die appellant vorige veroordelings van diefstal en meineed gehad het, sy op 26-jarige ouderdom darem nog nie 'n vorige veroordeling van geweld teenoor die persoon van 'n ander gehad het nie.

13. Na my oordeel het die streeklanddros behoorlike oorweging verleen aan wat daar ookal versagtend was in die guns van die appellant en ook behoorlik gelet op haar persoonlike omstandighede, en is geen faktor ten koste van 'n ander oorbeklemtoon nie.

14. Verder is die streeklanddros gekritiseer as sou sy die veelvoudige voorkoms van geweldsmisdade oorbeklemtoon het. Ek vind geen aanduiding hiervan nie en meen nie dat daar onbehoorlike klem op dié faktor gelÍ is nie.

15. Daar is ook namens die appellant geargumenteer dat die strekking van die getuie Iphkati se getuienis sou gewees het dat die klaer, met die aanval op hom Saterdag 11 Oktober 2003, die aggressor was. Ook hiermee stem ek glad nie saam nie.

16. Alhoewel die getuie getuig het (soos die klaer ook) dat die klaer 'n staaldraad gehad het en daarmee na die appellant geslaan het, was sy getuienis dat dit die appellant was wat die klaer genader het nadat hy die staaldraad opgetel het, dat die klaer geretireer het "*en op daardie stadium het sy haar hand opgetel en toe gaan val Oupa* (wat 'n noemnaam van die klaer was)".

17. Inteendeel, Iphkati se getuienis was verder (strydig met dié van die klaer) dat die appellant die klaer met die mes gesteek het terwyl hy op sy rug gelÍ het. Dit is moeilik om te begryp hoe gesÍ kan word dat hierdie getuienis daarop sou dui dat die klaer

die aggressor was tydens die betrokke voorval.

18. Die streeklanddros het die kumulatiewe effek van die vonnisse in ag geneem by die oorweging van vonnis. Die feit dat sy ŉ vonnis van 15 jaar gevangenisstraf as nie gepas op die aanklag van moord beskou het nie, beteken nie dat sy dié termyn ook nie as gepas kon beskou as ŉ effektiewe termyn ten aansien van al drie misdade tesame nie.

19. Na my oordeel is daar geen basis waarop ingemeng kan word met enige van die vonnisse nie.

20. Ter afsluiting verwys ek bloot na my opmerkings in die appËl van Janse van Rensburg (CA&R 44/07) oor die kwaliteit (of gebrek daaraan) van die praktyksnotas en betoogshoofde wat maar te dikwels voorkom in kriminele appËlle. Dit geld beslis ook vir die praktyksnotas in hierdie aangeleentheid, en vir die betoogshoofde namens die respondent.

21. Ek maak dan die volgende bevele in hierdie aangeleentheid:

**Die appèl word afgewys en die opgelegde vonnisse word bekragtig.**

____________________________

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

**Ek stem saam:**

____________________________

**F E MOKGOHLOA**
**WAARNEMENDE REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

| | |
|---|---|
| **Nms Appellant:** | **Adv T Fourie** |
| **In opdrag van:** | **Regshulpraad, Kimberley** |
| | |
| **Nms Respondente:** | **Adv M G W Baganeneng** |
| **In opdrag van:** | **Direkteur van Openbare Vervolging, Kimberley** |